# VONKK 222
# Almal Wat Dors Het Kom Geniet

♩. = 46

Orrelbegeleiding




4.
Hy maak die doringbos sipres;
die distel mirtestruik.
Wie sleg is, maak Hy nuut – 'n mens
wat Hy met vrug gebruik.
Hy gee hul vreugde, vastigheid –
nou, en in ewigheid.

5.
Soos wat die wolke kom met reën –
op aarde lewe giet,
so kom die woord van God met seën
dit doen wat Hy gebied.
Dit bly 'n teken tot sy eer –
die Here, Hy is Héér!

Teks: Attie van der Colf 1978/2001 ©; aangepas VONKK Werkgroep 2012
Melodie: FRIENA – Friena Maritz 2010
Orrelbegeleiding: Friena Maritz 2012
Musikale verryking: Friena Maritz 2012
© 2012 VONKK Uitgewers (admin Bybel-Media)

**RUBRIEK: Meditatief – Toetrede en Aanroeping / Voorbereiding om God se Woord te hoor / Nagmaal / Geloof en Vertroue**

VONKK